Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 44**

# INVENTARIS VAN DIE
# WIEHAHN, N.E.-VERSAMELING

Saamgestel deur: Petra Luus

Junie 2021

Pretoria

## Voorwoord

Nicolas Everhardus Wiehahn, gebore in 1929, was ‘n politikus en arbeidsregkenner wat ‘n groot impak op die Suid-Afrikaanse landskap van die 1970’s en 1980’s gemaak het. In sy loopbaan het hy die volgende grade behaal: B.A., LL.B., Ph.D., en LL.D.  Aan hom was ook vyf eregrade van verskillende Universiteite toegeken.  Hy het navorsingswerk oor internasionale arbeidsreg en arbeidsverhoudinge in verskillende lande oor die wêreld gedoen.

Dr Wiehahn het as professor by ‘n verskeidenheid Universiteite gewerk en later as voltydse arbeidsadviseur vir die Minister van Arbeid.  Hy het as voorsitter van die Kommissie van Ondersoek na Arbeidswetgewing, bekend as die sogenaamde “Wiehahn-kommissie”, gedien.  Dié Kommissie het in 1979 die afskaffing van werkreservering in die arbeidsektor (uitgesluit die mynbedryf) aanbeveel.  Sy aanbevelings het tot groot samesprekings en argumente in die Nasionale Party en land gelei.

Dr Wiehahn het ‘n groot aantal toekennings in sy lewe ontvang.  Hy is in 2006 in Johannesburg oorlede.

Die versameling is in ‘n goeie toestand.  Dit bestaan uit briewe, persoonlike dokumente, genealogiese inligting oor die Wiehahn-familie, verslae, radiopraatjies, foto’s, publikasies, geraamde dokumente, en toekennings.  Die versameling bestaan uit 23 volumes.

Inhoudsopgawe


| Inhoudsopgawe | Bl. |
|---|---|
| 1. Briewe en dokumente | 1 |
| 2. Genealogie | 1 |
| 3. Verslae | 1 |
| 4. Radiopraatjies | 1 |
| 5. Foto's | 1 |
| 6. Publikasies | 1 |
| 7. Geraamde versameling | 2 |
| 8. Trofees | 2 |